JANUARIE

Die
Here
SAL VIR JOU
GOED WEES
& JOU
BESKERM.
Numeri 6:24

Aanvaar mekaar … soos God ons ook aanvaar het

Aanvaar mekaar, soos Christus julle ook aanvaar het. So sal julle God verheerlik. **Romeine 15:7**

Ek het gekom en is hier namens my Vader. Maar julle wil dit nie aanvaar nie. Julle draai julle rug vir My. Julle is egter gou om iemand anders te aanvaar wat geen gesag het nie en sommer op sy eie hier aankom. **Johannes 5:43, *Die Boodskap***

Moenie nalaat om gasvry te wees nie. Deur gasvry te wees het party mense, sonder dat hulle dit besef, selfs engele tuis ontvang! **Hebreërs 13:2**

Julle moet medegelowiges met 'n sensitiewe geloofsbelewing aanvaar sonder om hare te kloof oor hulle oortuigings. **Romeine 14:1**

God sal julle beoordeel soos julle ander beoordeel. Die kriterium waarmee julle oordeel, sal ook vir júlle gebruik word. En hoe sien jy die splintertjie in jou medemens se oog raak, maar jy merk die yslike stomp in jou eie oog nie op nie? Haal eers die stomp uit jou eie oog uit. Dan sal jy ook duidelik kan sien om die splinter uit jou medemens se oog te haal. **Matteus 7:2-3, 5**

Julle is die mense wat God uitgekies het wat Hy geheilig het en wat Hy liefhet. Daarom moet julle die volgende soos klere aantrek: liefdevolle deernis, vriendelikheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld. **Kolossense 3:12**

Om mekaar te aanvaar, is nie net 'n mooi gebaar nie, dit is ook 'n hemelse opdrag. God verwag dit van ons. Die rede: Hy aanvaar ons onvoorwaardelik; daarom is ons dit ook aan ander mense verskuldig.

Vreemdelinge, vriende, kollegas, kennisse, familie, ander gelowiges – almal moet by ons tuis voel … en veilig voel. Ons moet die Here se warmte en omgee verder uitstraal. Ons moet mense aanvaar soos wat hulle is sonder om hulle gedurig te probeer verander. Dít moet ons aan God oorlaat.

Bring jou behoeftes voor God

Eenmaal was Jesus êrens besig om te bid. Toe Hy klaar was, het een van sy dissipels na Hom gekom en gesê: "Here, leer ons om te bid, net soos Johannes sy dissipels geleer het."
Lukas 11:1

Wanneer die volk wat my Naam dra, hulle verootmoedig en bid, en My weer soek en hulle afkeer van hulle bose lewens, sal Ek in die hemel hoor en hulle sondes vergewe en hulle land gesond maak.
2 Kronieke 7:14

Wanneer jy bid, gaan na die stilste vertrek in die huis en maak die deur agter jou toe sodat jy daar in jou alleenheid tot jou Vader kan bid. En jou Vader wat alles weet, sal jou beloon.
Matteus 6:6

Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen.
Filippense 4:6

Ek sê vir julle, julle moet julle vyande liefhê en bid vir dié wat julle vervolg. **Matteus 5:44**

Moenie ophou bid nie.
1 Tessalonisense 5:17

Volhard in die gebed. Bid terwyl julle geestelik waaksaam en dankbaar is.
Kolossense 4:2

Wat my betref, ek bid tot U, HERE; antwoord my op u bestemde tyd, o God. In die grootheid van u troue liefde, antwoord my met u troue redding!
Psalm 69:14

Om te bid, is 'n opdrag van God. Hy weet wat ons nodig het, maar nogtans beveel Hy ons om te bid. Hy wil hê ons moet Hom dag en nag in gebed aanroep. Gebed gaan ten diepste om God. Om te bid, is om sy Naam te loof en Hom te verheerlik.

Gebed is om God se aangesig te soek en Hom te smeek om sy koninkryk te laat kom. Ons bid dat sy wil sal geskied deur ons en in almal vir wie ons bid. Gebed is om onsself gedurig te onderwerp aan God en Hom te vertrou vir ons daaglikse brood en vir ewige redding.

Lewe blydskap daagliks uit

As God koning is in ons lewe, gaan dit nie om wat ons eet of drink nie; dit gaan daarom dat ons reg sal lewe en die vrede en die blydskap sal vertoon wat die Heilige Gees in ons bewerk. **Romeine 14:17**

Ek bid dat dié God wat aan ons 'n toekomsverwagting gee, deur die geloof julle lewens met blydskap en vrede sal vul.
Romeine 15:13

Wees altyd vol blydskap.
1 Tessalonisense 5:16

U wys vir my die lewenspad; in u teenwoordigheid is vreugde, en aan u regterhand is daar blydskap vir altyd. **Psalm 16:11**

Van vreugde sal ek jubel en u lof besing, want U het my gered. **Psalm 71:23**

Almal op aarde, juig tot eer van die HERE! Dien die HERE met blydskap. Kom voor Hom en sing met vreugde.
Psalm 100:1-2

Die Here heers as koning, ons God, die Almagtige, laat ons juig en jubel en aan Hom eer betoon.
Openbaring 19:6-7

Wees baie bly, dogter van Sion! Juig hardop, dogter van Jerusalem! Kyk, jou koning kom na jou toe. Hy is regverdig en 'n oorwinnaar, maar tog is hy nederig.
Sagaria 9:9

Gelukkig is dié mense wat weet hoe nodig hulle God het, want die koninkryk van die hemele is húlle deel.
Matteus 5:3

God se wil is blydskap en vreugde. So leer die Bybel ons. Blydskap is nie maar net een of ander vlietende emosie, of 'n verbygaande gevoel nie.

Blydskap is daardie diep gewortelde rus in die Here. Hierdie vreugde kan nooit opgebottel word nie; dit vloei gedurig uit ons harte in die rigting van God en ander mense. Blydskap vorm 'n integrale deel van ons identiteit in Christus; daarom kenmerk dit al ons woorde en dade.

Tematiese indeks

Aanvaarding ..... 1 Jan.
Bang ..... 13 Jan.
Begeerte ..... 10 Jan.
Behoort ..... 12 Jan.
Bekering ..... 9 Jan.
Belofte ..... 5 Jan.
Beloning ..... 10 Jun.
Bely ..... 7 Jan.
Berou ..... 8 Jan.
Beseël ..... 14 Jan.
Bevry ..... 15 Jan.
Bewaring ..... 11 Jan.
Bid ..... 2 Jan.
Bloed ..... 4 Jan.
Blydskap ..... 3 Jan.
Buig ..... 6 Jan.
Christus ..... 16 Jan.
Dag ..... 24 Jan.
Dankbaar ..... 21 Jan.; 21 Okt.
Deel ..... 18 Jan.
Deug ..... 27 Jan.
Deur ..... 30 Jan.
Dien ..... 17 Jan.
Dienaar ..... 10 Apr.
Dienslewering ..... 29 Sep.
Dieptes ..... 26 Jan.
Dink ..... 19 Jan.
Donkerte ..... 25 Jan.
Dood ..... 23 Jan.
Doop ..... 1 Feb.
Dra ..... 20 Jan.
Dringendheid ..... 29 Jan.
Drink ..... 22 Jan.
Droom ..... 28 Jan.
Duur ..... 31 Jan.
Eer ..... 3 Feb.
Eersgeborene ..... 4 Feb.
Eerste vrugte ..... 5 Feb.
Eet ..... 2 Feb.
Eindtyd ..... 6 Feb.
Ereplek ..... 7 Feb.
Evangelie-verkondiging ..... 25 Jul.
Ewig ..... 8 Feb.
Ewige beloning ..... 21 Apr.
Familie ..... 9 Feb.
Fees ..... 10 Feb.
Gawes ..... 11 Feb.
Gebed ..... 12 Feb.
Gebore uit God ..... 6 Aug.
Gebrek ..... 13 Feb.
Geduld ..... 14 Feb.
Gee ..... 15 Feb.
Geestelike stryd ..... 1 Sep.
Gehoorsaamheid ..... 22 Nov.
Gejaagdheid ..... 16 Feb.
Geld ..... 17 Feb.
Gelofte ..... 18 Feb.
Geloof ..... 19 Feb.
Gelukkig ..... 20 Feb.
Gelyk ..... 21 Feb.
Gelykenis ..... 22 Feb.

Genade ..... 23 Feb.
Genesing ..... 24 Feb.
Gesag ..... 25 Feb.
Geseëndes
van God ..... 10 Aug.
Gesels ..... 26 Feb.
Getuig ..... 9 Jul.
Getuienis ..... 27 Feb.
Geur van Christus ..... 4 Aug.
Gevaar ..... 28 Feb.
Geweld ..... 29 Feb.
Gewete ..... 1 Mrt.
Gewin ..... 2 Mrt.
Gewoontes ..... 3 Mrt.
Gierigheid ..... 4 Mrt.
God by ons ..... 28 Jul.
God is ons Gids ..... 1 Aug.
God se mag ..... 29 Apr.
God se wysheid ..... 16 Mrt.
Goddelike gesag ..... 29 Jun.
Goedheid ..... 5 Mrt.
Goedheid van God ..... 15 Jul.
Goeie Herder ..... 21 Aug.
Groei ..... 6 Mrt.
Hardwerkendheid ..... 7 Mrt.
Hart ..... 8 Mrt.
Heilige Gees ..... 24 Nov.
Help ..... 9 Mrt.
Hoof ..... 10 Mrt.
Hoogmoed ..... 2 Okt.
Huil ..... 11 Mrt.
Huis ..... 13 Mrt.
Hulp ..... 12 Mrt.
Huwelik ..... 3 Okt.
Insig ..... 15 Mrt.
Integriteit ..... 6 Sep.
Intimiteit ..... 16 Mrt.
Invloed ..... 14 Mrt.
Jaloesie ..... 17 Mrt.
Jubel ..... 18 Mrt.
Kaal ..... 19 Mrt.
Kansvatter ..... 20 Mrt.
Karaktervorming ..... 21 Mrt.
Ken God ..... 12 Apr.
Kennis ..... 22 Mrt.
Kerk ..... 23 Mrt.
Keuses ..... 24 Mrt.
Kinders ..... 28 Jun.
Kindwees ..... 25 Mrt.
Kla ..... 26 Mrt.
Kneg ..... 27 Mrt.
Koinonia ..... 28 Mrt.
Kommer ..... 29 Mrt.
Kompetisie ..... 30 Mrt.
Kompromie ..... 31 Mrt.
Konflik ..... 2 Apr.
Koninkryk van God ..... 1 Apr.
Krag ..... 4 Apr.
Krisis ..... 5 Apr.
Kritiek ..... 6 Apr.
Kroon ..... 7 Apr.
Kruis ..... 8 Apr.
Kryger ..... 9 Apr.
Laaste ..... 10 Apr.
Lag ..... 11 Apr.
Leë woorde ..... 13 Apr.
Leef ..... 12 Apr.
Leergierig ..... 14 Apr.
Leiding ..... 22 Apr.
Leier ..... 15 Apr.
Leuens ..... 16 Apr.
Lewensritmes ..... 31 Jul.
Liefde ..... 17 Apr.
Liefde is die
belangrikste ..... 26 Jul.
Liggaam van
Christus ..... 18 Apr.
Ligsinnig ..... 19 Apr.
Lof ..... 20 Apr.
Loof God ..... 3 Apr.

Losprys ..... 23 Apr.
Luiheid ..... 24 Apr.
Luister ..... 25 Apr.
Lyding ..... 26 Apr.
Lydsaamheid ..... 27 Apr.
Maaltyd ..... 28 Apr.
Magteloosheid ..... 30 Apr.
Materialisme ..... 1 Mei
Mededeelsaam ..... 2 Mei
Medelye ..... 4 Mei
Medemens ..... 3 Mei
Meet ..... 5 Mei
Metgesel ..... 6 Mei
Misbruik ..... 9 Mei
Mislei ..... 8 Mei
Mislukking ..... 7 Mei
Moegheid ..... 10 Mei
Moeite ..... 11 Mei
Motiewe ..... 12 Mei
Musiek ..... 13 Mei
Naaste ..... 15 Mei
Naby ..... 16 Mei
Nadenke ..... 14 Mei
Nag ..... 17 Mei
Nagmaal ..... 18 Mei
Nederigheid ..... 19 Mei
Neerbuig ..... 20 Mei
Nood ..... 21 Mei
Nuut ..... 22 Mei
Oefen ..... 23 Mei
Offer ..... 24 Mei
Omgee ..... 25 Mei
Omhels ..... 26 Mei
Omkoop ..... 27 Mei
Onderhandel ..... 28 Mei
Onderrig ..... 31 Mei
Onderskei ..... 29 Mei
Onderstebo ..... 1 Jun.
Ondersteun ..... 2 Jun.
Onderwerp ..... 30 Mei
Oneindigheid
van God ..... 3 Jun.
Ongerief ..... 4 Jun.
Onrein ..... 5 Jun.
Ontevrede ..... 6 Jun.
Ontferming ..... 7 Jun.
Onthou ..... 8 Jun.
Ontrou ..... 9 Jun.
Ontvang ..... 10 Jun.
Oog ..... 11 Jun.
Oop ..... 12 Jun.
Oor ..... 13 Jun.
Oordeel ..... 14 Jun.; 3 Nov.
Oorgawe ..... 16 Jun.
Oorlog ..... 17 Jun.
Oortuig ..... 18 Jun.
Oorvloed ..... 19 Jun.
Oorwin ..... 20 Jun.
Oorwinning .... 7 Apr.; 15 Jun.
Opbou ..... 21 Jun.
Opgee ..... 22 Jun.
Opoffering ..... 23 Jun.
Opregtheid ..... 24 Jun.
Opstaan ..... 25 Jun.
Oud word ..... 27 Jun.
Ouderdom ..... 26 Jun.
Ouerskap ..... 28 Jun.
Outoriteit ..... 29 Jun.
Pad ..... 30 Jun.
Paradys ..... 1 Jul.
Passievol vir Jesus ..... 1 Jul.
Pilaar ..... 2 Jul.
Plan ..... 3 Jul.
Pleit ..... 4 Jul.
Plesier ..... 5 Jul.
Plig ..... 6 Jul.
Populariteit ..... 7 Jul.
Posisie ..... 8 Jul.
Postuur ..... 9 Jul.
Praat ..... 10 Jul.

Preek ..... 11 Jul.
Prestasies ..... 12 Jul.
Priester ..... 13 Jul.
Prioriteite ..... 14 Jul.
Proe ..... 15 Jul.
Profeteer ..... 16 Jul.
Prysgee ..... 17 Jul.
Pyn ..... 18 Jul.
Raad ..... 19 Jul.
Raadgewer ..... 20 Jul.
Raaisel ..... 21 Jul.
Raas ..... 22 Jul.
Rassisme ..... 23 Jul.
Rede ..... 24 Jul.
Redeneer ..... 25 Jul.
Reëls ..... 26 Jul.
Regverdige God ..... 14 Jun.
Reinheid ..... 27 Jul.
Reis ..... 28 Jul.
Rentmeesterskap ..... 29 Jul.
Respek ..... 30 Jul.
Ritmes ..... 31 Jul.
Roete ..... 1 Aug.
Rots ..... 2 Aug.
Ruik ..... 4 Aug.
Rus ..... 5 Aug.
Rykdom ..... 3 Aug.
Saad ..... 6 Aug.
Saai ..... 8 Aug.
Sagtheid ..... 7 Aug.
Satan ..... 9 Aug.
Seën ..... 10 Aug.
Sekerheid ..... 11 Aug.
Seksualiteit ..... 12 Aug.
Selfbeheersing ..... 13 Aug.
Selfsug ..... 14 Aug.
Selfwaarde ..... 15 Aug.
Sending ..... 14 Sep.
Sensitiwiteit ..... 16 Aug.
Siekte ..... 17 Aug.
Siel ..... 18 Aug.
Sing ..... 19 Aug.
Skaam ..... 20 Aug.
Skape ..... 21 Aug.
Skat ..... 22 Aug.
Skepping ..... 23 Aug.
Skinder ..... 24 Aug.
Skoonheid ..... 26 Aug.
Skuld ..... 27 Aug.
Skuldgevoelens ..... 28 Aug.
Skynheiligheid ..... 25 Aug.
Slaaf ..... 29 Aug.
Slaap ..... 30 Aug.
Smeek ..... 31 Aug.
Soldaat ..... 1 Sep.
Sonde ..... 2 Sep.; 19 Okt.
Sorg ..... 3 Sep.
Sorgvry ..... 4 Sep.
Stagneer ..... 5 Sep.
Standvastigheid ..... 27 Apr.
Stap ..... 6 Sep.
Status ..... 7 Sep.
Stem van God ..... 13 Jun.
Sterk ..... 8 Sep.
Stop ..... 9 Sep.
Straf ..... 10 Sep.
Struikel ..... 11 Sep.
Stryd ..... 12 Sep.
Stuur ..... 14 Sep.
Suinigheid ..... 13 Sep.
Sukses ..... 15 Sep.
Swakheid ..... 16 Sep.
Taaiheid ..... 17 Sep.
Taalgebruik ..... 18 Sep.
Teenstand ..... 19 Sep.
Terugval ..... 21 Sep.
Tevredenheid ..... 20 Sep.
Tiende ..... 22 Sep.
Toekoms ..... 23 Sep.
Toerus ..... 24 Sep.

Toets ..... 25 Sep.
Toeval ..... 26 Sep.
Toewyding ..... 27 Sep.
Tong ..... 28 Sep.
Toustaan ..... 29 Sep.
Trane ..... 30 Sep.
Treur ..... 4 Okt.
Troos ..... 1 Okt.
Trots ..... 2 Okt.
Trou ..... 3 Okt.
Twyfel ..... 6 Okt.
Tyd ..... 5 Okt.
Uitbou ..... 8 Okt.
Uitbranding ..... 9 Okt.
Uitdagend ..... 10 Okt.
Uitnooi ..... 12 Okt.
Uniek ..... 7 Okt.
Val ..... 13 Okt.
Valsheid ..... 14 Okt.
Vas ..... 15 Okt.
Vastigheid ..... 16 Okt.
Veg ..... 17 Okt.
Veilig ..... 18 Okt.
Verag ..... 19 Okt.
Verander ..... 20 Okt.
Verbruiker ..... 21 Okt.
Verdra ..... 22 Okt.
Verdryf ..... 23 Okt.
Vergeet ..... 24 Okt.
Vergelyk ..... 25 Okt.
Vergifnis ..... 26 Okt.
Verhoudings ..... 27 Okt.
Verkeerd ..... 28 Okt.
Verkul ..... 29 Okt.
Verlaat ..... 30 Okt.
Verloën ..... 31 Okt.
Verloor ..... 1 Nov.
Vermaan ..... 2 Nov.
Veroordeel ..... 3 Nov.
Verslaaf ..... 4 Nov.
Versorg ..... 5 Nov.
Verstaan ..... 6 Nov.
Verstand ..... 7 Nov.
Verstandigheid ..... 24 Jul.
Vertroue ..... 8 Nov.
Vervangbaar ..... 9 Nov.
Verveeld ..... 10 Nov.
Vervolging ..... 11 Nov.
Vervreem ..... 12 Nov.
Vervul met die Gees .... 8 Des.
Vervulling ..... 13 Nov.
Verwagting ..... 14 Nov.
Vleitaal ..... 15 Nov.
Volg ..... 16 Nov.
Volg God ..... 22 Apr.
Volharding ..... 17 Nov.
Voorbidding ..... 18 Nov.
Vooroordeel ..... 20 Nov.
Voorsien ..... 21 Nov.
Voorskrifte ..... 22 Nov.
Voorspoed ..... 23 Nov.
Voorspraak ..... 24 Nov.
Vorm .....19 Nov.
Vrede ..... 25 Nov.
Vreemdeling ..... 26 Nov.
Vrees ..... 27 Nov.
Vreugde ..... 11 Apr.; 28 Nov.
Vriendskap ..... 29 Nov.
Vroom ..... 30 Nov.
Vrugdra ..... 1 Des.
Vrymaak ..... 11 Okt.
Vrygewigheid ..... 4 Des.
Vryheid ..... 2 Des.; 5 Des.
Vrymoedigheid ..... 3 Des.
Vryspraak ..... 6 Des.
Vuilheid ..... 7 Des.
Vul ..... 8 Des.
Vyande ..... 9 Des.
Waagmoed ..... 10 Des.
Waarde ..... 11 Des.

Waardevol ..... 12 Des.
Waarsku ..... 13 Des.
Wag ..... 14 Des.
Wagters ..... 15 Des.
Wandel ..... 16 Des.
Warm ..... 17 Des.
Wederkoms ..... 18 Des.
Weelde ..... 19 Des.
Weerloos ..... 20 Des.
Weeskinders ..... 21 Des.
Weggee ..... 22 Des.
Wellus ..... 23 Des.
Wenners ..... 24 Des.
Werk ..... 25 Des.
Wil van God ..... 26 Des.
Woede ..... 27 Des.
Wraak ..... 28 Des.
Wysheid ..... 29 Des.
Ydelheid ..... 30 Des.
Ywer ..... 31 Des.